



'n tyd vir... VIERING

LUKAS 2:25-35

1.EN HET UITGESIEN NA DIE KOMS VAN DIE VERLOSSER


Kan ons ook so leef met afwagting en opwinding selfs te midde van wat ookal nou vir ons moeilik of swaar is?

2.DEUR DIE GEES GELEI,

Simeon is ingestel, afhanklik, en heeltyd besig om God se stem, deur die Gees wat op hom is, te onderskei sodat hy kan gaan daar waar God Sy belofte vervul en ontvang waarop hy wag.

Hy laat toe dat die Heilige Gees sy koers bepaal. Deur sy storie word ons ook genooi om deur die Gees gelei te word.

Tarine De Ridder





'n tyd vir...
VIERING



3.HET HY OPGEGAAN NA DIE TEMPEL TOE

Simeon gaan soek na God. Hy daag op om by God te wees. Hoe vind ons hierdie tempel oomblikke in ons dag?

Josef en Maria stap in Simeon se lewe in met die Messias-die vervulde belofte- God se antwoord. Jesus stap ook elke dag in ons lewe in met die goeie nuus van vryheid, vergifnis, vrede en vreugde... sal ons dit ontvang en feesvier? Sal ons saam met die engelkoor sing of saam met die skaapwagters terug hardloop om te gaan vertel? Sal ons saam met die wyse manne iets bring om hierdie oomblik vas te vang as 'n kosbare herinnering? Of sal ons soos Simeon ons dankbaarheid in gebed uitstort en so vir God erkenning gee.

Tarine De Ridder

Ek word 'n dader van die Woord deur...

